

## VANDEESWEEK

Heilsaamheid op jou voorstoep	85
Doen en late	86
Uitspantyd (gholf en jag)	87
Niemand om te groet nie	88
Gebruik water spaarsamig	88

## SÓ LYK 'N SAKEVROU VAN FORMAAT!

En hier is sy! Ina Lessing van Modimolle (voorheen Nylstroom) in Limpopo is pas as *Landbouweekblad* en Sanlam se landbou vrou-entrepreneur vir 2013/14 aangewys.

na het haar uiters suksesvolle konfytonderneming 17 jaar gelede met net twee potte en 'n lening van R5 000 van haar skoonpa begin. Vandag bied die onderneming 'n wye verskeidenheid en 'n reuse-hoeveelheid konfyt aan winkels, padstalletjies, tuisnywerhede en geskenkwinkels regoor Suid-Afrika en

Namibië – en die aanvraag daarvoor bly net groei.

En wat is Ina se raad aan nuwe entrepreneurs? Jy moet deursettingsvermoë hê en elke geleentheid aangryp. Jy moet hou van wat jy doen en weet hoe om dit te doen. Verder: Glo daarin en geniet dit! – ARINA DU PLESSIS **LBW**

**BO:** Ina Lessing, *Landbouweekblad* en Sanlam se vrou-entrepreneur vir 2013/14 op hul plaas, Lusthof, buite Modimolle met van haar gebottelde produkte. FOTO: CHARL VAN ROOYEN

NAVRAE: E-pos: [admin@inalessing.co.za](mailto:admin@inalessing.co.za); web: [www.inalessing.co.za](http://www.inalessing.co.za)